



Mennonite World Conference

A Community of Anabaptist
related Churches

Congreso Mundial Menonita

Una Comunidad de
Iglesias Anabautistas

Conférence Mennonite Mondiale

Une Communauté
d'Eglises Anabaptistes

Visie

Die Mennoniete Wêreldkonferensie (*Mennonite World Conference - MWC*) is geroepe om 'n gemeenskap (*Koinonia*) van Anabaptisties-verwante kerke te wees wat aan mekaar verbonde is binne 'n wêreldwye geloofsgemeenskap van broederskap, aanbidding, bediening en getuienis van geloof.

Missie

Die doel van die MWC is om (1) 'n globale geloofsgemeenskap in die Anabaptistiese tradisie te wees; (2) die verhouding tussen Anabaptisties-verwante kerke wêreldwyd te bevorder en (3) sodoende aansluiting te vind by ander Christen-gemeenskappe en organisasies wêreldwyd.

Die Gedeelde Oortuigings Van Globale Anabaptiste

Deur die genade van God streef ons daarna om deur ons lewe die goeie boodskap van Versoening in Jesus Christus te verkondig. As deel van die een liggaam van Christus, ten alle tye en alle plekke, is die kern van ons geloof en optrede in die praktyk die volgende:

1. Ons ken God as die Vader, die Seun en die Heilige Gees; die Skepper wat die gevalle mensdom wil red deur die mens aan te roep tot getrouheid in die Gemeenskap van die Heilige Gees, aanbidding, diens en getuienis.
2. Jesus is die Seun van God. Deur sy lewe en leerstellings, die kruis en die opstanding, het Hy aan ons getoon hoe om getroue dissipels te wees; het Hy die wêreld gered en die Ewige Lewe verseker.
3. As 'n kerk is ons 'n gemeenskap van mense wat deur die Heilige Gees aangeroep word om die self weg te keer van sonde, om Jesus Christus as die Here te erken, ná belydenis van geloof die doop te ontvang en Christus in ons lewens te volg.
4. As 'n geloofsgemeenskap aanvaar ons die Bybel as autoriteit vir ons geloof en vir ons lewens; die Skrif wat ons in die lig van Jesus Christus onder leiding van die Heilige Gees saam interpreteer om daaruit God se Wil vir ons gehoorsaamheid te leer ken.
5. Die Gees van Jesus bemagtig ons om God op alle terreine van die lewe te vertrou sodat ons vredemakers word wat geweld verwerp, ons vyande lief het, soek na geregtigheid en ons besittings deel met diegene wat in nood verkeer.
6. Ons kom gereeld byeen om te aanbid, die Here se Avondmaal te vier en om die Woord van God in 'n gees van wedersydse toerekenbaarheid aan te hoor.
7. As 'n wêreldwye gemeenskap in geloof en die lewe transendeer ons die grense van nasionaliteit, ras, klas, geslag en taal. Ons strewende is om in die wêreld te leef sonder om te konformeer of oor te gee en aan te pas by die magte van die bose met ons optrede as getuienis vir God se genade met diens aan ons naaste, die bewaring van God se Skepping en die uitnodiging aan alle mense om Jesus Christus te leer ken as Redder en Heer.

Vir hierdie oortuigings vind ons inspirasie by die Anabaptistiese voorsate van die 16de eeu wat radikale dissipelskap tot Jesus Christus gevestig het. Ons strewende is om deur die krag van die Heilige Gees in Sy naam te wandel terwyl ons vol vertroue wag op die terugkeer van Christus en die uiteindelijke vervulling van die Koninkryk van God.

Aangeneem deur die *Mennonite World Conference General Council*
Maart 15 2006